BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

10c **Dinsdag 24 Maart 1970** **WINDHOEK** **Tuesday 24 March 1970** **No. 3058**

INHOUD CONTENTS *Bladsy/Page*

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

No. 42 Ordonnansie 1970: Uitvaardiging van . . 292

GOVERNMENT NOTICE:

Ordinance, 1970: Promulgation of . . . 292

Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 42.] [24 Maart 1970

ORDONNANSIE 1970: UITVAARDIGING VAN

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet.

No. *Titel* *Bladsy*

No. 2 Wysigingsordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1970 293

Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 42.] [24 March 1970

ORDINANCE, 1970: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

No. *Title* *Page*

No. 2 Townships and Division of Land Amendment Ordinance, 1970 . . 294

No. 2 van 1970.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963), om voorsiening te maak vir die herinstelling en die hersamestelling van die Dorperaad, en die ampstermyn van sy lede; om 'n straf voor te skryf vir voortdurende misdrywe; om die maak van regulasies te magtig met betrekking tot die neerlegging van hul ampte deur sekere lede van die Dorperaad, die aanvul van toevallige vakatures en vergaderings van die Dorperaad; en om vir aanverwante sake voorsiening te maak.

(Goedgekeur 23 Maart 1970)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN soos volg:—

Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 11 van 1963.

1. (1) Artikel 2 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963), hierna die hoofordonnansie genoem, word hierby vervang deur die volgende artikel:—

„Instelling en samestelling van die Dorperaad.

2. (1) Hierby word 'n raad ingestel wat die Dorperaad heet en wat bestaan uit minstens vyf en hoogstens tien lede.

(2) Die Landmeter-generaal, die Registrateur van Aktes, die Hoof Paaie-ingenieur, die Direkteur van Werke en die Hoof, Afdeling Plaaslike Bestuur van die Administrasie of 'n beampte van sy kantoor wat die genoemde Landmeter-generaal, Registrateur van Aktes, Hoof Paaie-ingenieur, Direkteur van Werke of Hoof, Afdeling Plaaslike Bestuur, na gelang, vir die doel van 'n vergadering in sy plek aanwys, is ampshalwe lede van die raad. Die Administrateur stel as lid aan iemand wat die sienswyses van plaaslike besture en die belange van die inwoners van gebiede van plaaslike owerhede onder die aandag van die raad moet bring, en stel ook die ander lede van die raad aan.

(3) Die Administrateur benoem as voorsitter een van die lede van die Raad. By afwesigheid van die voorsitter kies die aanwesige lede uit hulle geledere 'n voorsitter vir die doel van daardie vergadering.

(4) Behoudens enige regulasies waarby vir 'n lid se ampsneerlegging voorsiening gemaak word, beklee elke raadslid, buiten die persone wat ampshalwe raadslede is, sy amp vir sodanige tydperk van hoogstens drie jaar as wat die Administrateur bepaal, maar hy kan weer aangestel word vir sodanige verdere tydperk van hoogstens drie jaar as wat die Administrateur bepaal.

No. 2 of 1970.]

ORDINANCE

To amend the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) to provide for the re-establishment and re-constitution of the Townships Board, and the term of office of its members; to prescribe a penalty for continuous offences; to empower the making of regulations with respect to the vacation of their office by certain members of the Board, the filling of casual vacancies and meetings of the Board; and to provide for matters incidental thereto.

(Assented to 23rd March 1970)
(English text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly of the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of section 2 of Ordinance 11 of 1963.

1. (1) The following section is hereby substituted for section 2 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) hereinafter called the principal Ordinance:—

"Establishment and constitution of the Townships Board.

2. (1) There is hereby established a Board to be known as the Townships Board consisting of not less than five and not more than ten members.

(2) The Surveyor-general, the Registrar of Deeds, the Chief Roads Engineer, the Director of Works and the Head, Local Government Branch of the Administration, or any officer of his office nominated in his stead by the said Surveyor-General, Registrar of Deeds, Chief Roads Engineer, Director of Works or Head, Local Government Branch, as the case may be, for the purpose of any meeting, shall be members of the Board *ex officio*. The Administrator shall appoint a person as member of the Board who shall bring to the notice of the Board the views of local authorities and the interests of the inhabitants of local authority areas, and shall also appoint the other members of the Board.

(3) The Administrator shall designate one of the members of the Board as chairman. In the absence of the chairman the members present shall elect from amongst themselves a chairman for the purpose of that meeting.

(4) Subject to any regulation providing for the vacation of office by a member, each member of the Board, other than persons who are members *ex officio,* shall hold office for such period, not exceeding three years, as the Administrator may determine, but shall be eligible for re-appointment for such further period, not exceeding three years, as the Administrator may determine.

(5) Die Administrateur kan iemand aanstel as plaasvervanger van 'n raadslid wat nie ampshalwe lid is nie, om in sodanige lid se plek op te tree wanneer hy deur siekte, afwesigheid of 'n ander oorsaak verhinder word om sy ampspligte te vervul. Enige sodanige plaasvervanger se aanstelling is egter onderworpe aan die regulasies vermeld in subartikel (4).

(6) 'n Raadslid wat nie 'n beampte in die staatsdiens of 'n beampte in diens van die Administrasie is nie, kan uit die Inkomstefonds van die Gebied sodanige besoldiging, toelaes en gelde betaal word as wat die Administrateur van tyd tot tyd bepaal.

(7) By die inwerkingtreding van hierdie artikel word die bestaande raad ontbind en lê die lede van sodanige raad hul ampte neer.".

(2) Subartikel (1) tree in werking op 'n datum wat die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal.

Wysiging van artikel 31 van Ordonnansie 11 van 1963 soos vervang by artikel 10 van Ordonnansie 36 van 1967.

2. Artikel 31 (2) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur na die woorde „ses maande" die volgende woorde in te voeg:—

„, , en in die geval van 'n voortdurende misdryf, met 'n bykomende boete van hoogstens vier rand vir elke dag waarop die misdryf voortduur".

Wysiging van artikel 36 van Ordonnansie 11 van 1963 soos gewysig by artikel 12 van Ordonnansie 36 van 1967.

3. Artikel 36 (1) van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur in die Engelse teks die woord „prescribing" te vervang deur die woorde „with respect to";

(b) deur paragrawe (a) en (b) te vervang deur die volgende paragrawe:—

„(a) die omstandighede voorskryf waarin 'n raadslid, buiten 'n persoon wat ampshalwe raadslid is, sy amp moet neerlê, en voorsiening maak vir die aanvul van toevallige vakatures;

(aA) voorsiening maak vir vergaderings van die raad; die prosedure voorskryf wat op vergaderings van die raad gevolg moet word en die aantal lede bepaal wat 'n kworum vir enige vergadering uitmaak;

(b) die vorm van enige aansoek ingevolge hierdie ordonnansie voorskryf en ook die inligting en dokumente wat saam met so 'n aansoek voorgelê moet word;".

Kort titel.

4. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1970.

(5) The Administrator may nominate any person as the deputy of any member of the Board, other than an *ex-officio* member, to act for such member whenever he is prevented by illness, absence or any other cause from performing the duties of his office: Provided that the appointment of any such deputy member shall be held subject to the regulations referred to in subsection (4).

(6) Any member of the Board who is not an officer of the public service or an officer in the service of the Administration may be paid from the Territory Revenue Fund such remuneration, allowances and fees as the Administrator may from time to time determine.

(7) Upon the commencement of this section the existing Board shall be dissolved and the members thereof shall vacate office.".

(2) Subsection (1) shall come into operation upon a date to be determined by the Administrator by proclamation in the *Official Gazette*.

Amendment of section 31 of Ordinance 11 of 1963 as amended by section 10 of Ordinance 36 of 1967.

2. Section 31 (2) of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion after the words "six months" of the following words:—

", and in the case of a continuous offence to an additional fine not exceeding four rand for each day on which the offence continues".

Amendment of section 36 of Ordinance 11 of 1963 as amended by section 12 of Ordinance 36 of 1967.

3. Section 36 (1) of the principal Ordinance is hereby amended:—

(a) by the substitution for the word "prescribing" of the words "with respect to";

(b) by the substitution for paragraphs (a) and (b) of the following paragraphs:—

"(a) the circumstances under which a member of the Board, other than a person who is a member *ex officio,* shall vacate his office, and the filling of casual vacancies;

(aA) the meetings of the Board, the conduct of proceedings thereat and the number of members who shall constitute a quorum for any meeting;

(b) the form of any application in terms of this Ordinance and the information and documents to be submitted with such application;".

Short title.

4. This ordinance shall be called the Townships and Division of Land Amendment Ordinance, 1970.